# HOOFSTUK 3.

## 3. OPVOEDINGSLEER VAN DIE EKSISTENSIALISME.

### 3.1 VERTEENWOORDIGERS.

Uit 'n studie van die literatuur wil dit voorkom asof nog nie een van die eksistensie-filosowe van die twintigste eeu 'n noemenswaardige bydrae tot die vak=literatuur van die opvoedkunde gemaak het nie. Jaspers is darem 'n uitsondering want in sy Die Geistige Situation der Zeit, wy hy sowat ses bladsye aan die opvoeding. Die eksistensialisme het desondanks ongetwyfeld belangrike implikasies vir die op=voeding en onderwys; en wat meer is, daar is duide=like tekens dat die eksistensialistiese denkklimaat reeds in 'n mate die opvoedkundige denke in die Weste aangetas het. (Vgl. Gunter, 1964, p. 263).

Volgens Hamm het weinig opvoedkundiges probeer om die eksistensialistiese teorie met die opvoedingsleer in verband te bring. Hy is egter die mening toegedaan dat daar met die toenemende programmering, sistema=tisering en rekenarisering van die onderwys, meer en meer opvoedkundiges die taak sal aanpak. (Hamm, 1974, p. 77).

Onder diegene wat wel oor die eksistensialisme en onderwys geskryf het, is George Kneller (Existen=tialism and education, 1958), Van Cleve Morris

(Existentialism in education, 1966), M. Grene (Exis= tential encounters for teachers, 1967). Die Britse onderwyser A.S. Neill en die Joodse teoloog Martin Buber, het heelwat oor die eksistensialisme en die opvoeding geskryf.

Herbert Kohl (The open classroom, 1969), Jonathan Kozol (Death at an early age, 1967), Anne en John Bremmer (Open education : A beginning, 1970), is ander opvoedkundiges wie se opvoedingsleer die in= vloed van die eksistensialistiese denke toon.

## 3.2 DIE WESE VAN DIE OPVOEDING.

Die eksistensialisme maak veelvuldig gebruik van fe= nomenologie, en in die bepaling van die wese van die opvoeding word die fenomeen van die opvoeding ook hier as uitgangspunt geneem. Heidegger omskryf die fenomenologie as die metode om die fenomeen te laat sien soos dit sigself laat sien. Dit streef na "on= bevoordeeldheid" van werkwyse. (Van Wyk, 1972, p. 2). Hieruit blyk dit dat die opvoeding as univer= sele verskynsel beperk is tot mense. (Die mens is 'n wese wat opvoed, opgevoed word, en op opvoeding aangewese is, dit is een van die fundamenteelste kenmerke van die mens. (Perquin, 1960, p. 15, Lange= veld, 1959, p. 165 en Oberholzer, 1954, p. 54).

Soos by die fenomenologie is daar volgens Van der Merwe by die eksistensialisme ook twee gesigspunte wat gestel moet word. Eerstens is die onvolwassene as mens 'n hulpbehoewende en afhanklike wese. Die onvolwassene, die hulpbehoewende, die afhanklike rig 'n appél op die volwassene-wees. Die volwassene sal hom weerhou van indoktrinering, van dogmatisering, van dwang in hierdie of daardie rigting, maar sal hom verantwoordelik voel vir die rypwording van die on=mondige tot selfstandigheid en tot ware vryheid. (Vgl. ook Perquin, 1960, pp. 21 - 25).

Tweedens is daar die verantwoordelikheid van die <u>ek</u> teenoor die <u>self</u>. Die mens is vir homself verant=woordelik, maar deur sy eie vrye akt ook vir die syn van die ander. "Die mens kan nie eksistensieël op=reg bestaan en skouerophalend langs die jeug verby gaan nie. Inteendeel as die ommekeer van Heidegger sinvol moet wees, as die gemeenskap van Jaspers ek-stase moet wees, as die ek-jy van Berdyaev 'n inter=persoonlike relasie is, is opvoeding nie alleen 'n gegewene nie, maar 'n verantwoordelikheid waarby die opvoeder met inset van geheel sy persoon betrokke is." (Van der Merwe, 1964, p. 142).

Die bymekaarwees in die opvoedingsituasie, moet in die woorde van Oberholzer, groei tot 'n metmekaar=wees (Oberholzer, 1954, p. 8), waarmee bedoel word

die eksistensiële kontak tussen persone sonder dat die ander persoon geobjektiveer hoef te word, maar waarby die verhouding Ek teenoor die Ander-Ek die tipiese gesindheid sou wees. Die kind word dus nie gedwing of verlei tot die aanvaarding van bepaalde norme of leerstellinge nie, maar aanvaar eksisten=sieel die waarde van die vrye persoonlikheid. Van der Merwe stel dit as : "Onafhanklik van die synde, onbekommerd oor die uitkoms van sy bemoeienis en in die rigting van die niks, oorweldigend vervul deur die skeppende mag van die lewe, deur die sin van die skeppende eksistensie, lei die opvoeder die opvoede=ling in die mistieke ervaring van mens te wees." (Van der Merwe, 1964, p. 143).

Die vrye eksistensialis sien die bindend-normerende as die vrye persoonlikheid waardeur die behoorlike vervang sou word met die waardevolle. Die kenteore=tiese uitgangspunt van die eksistensialis is hier op die spel en word die skone/waardevolle gerelativeer tot die immanent persoonlike, tot die subjektiewe. By die eksistensiële ontmoeting met die opvoedeling sien die eksistensialis die opvoeding as hulpverle=ning aan die onvolwassene om hom na selfstandigheid te lei, hom te begelei na die onafhanklike keuse van die self as die eties hoogswaardevolle, dit wil sê hom te lei tot die verantwoordelike aanvaarding van sy vryheid. (Oberholzer, soos aangehaal deur Van Wyk, 1972, p. 6).

Die vryheid van die mens vind sy enigste "beperking", in sy situasie wat aan hom as "opgawe" gegee is. (Van Wyk, 1972, p. 6) Dit bring mee dat die op=voeding in wese dus ook nie 'n afgeslote en klaarge=maakte "formule" kan wees nie, dit sal as metme=kaarwees bepaal word deur die eiesoortigheid van elke individu. Die opvoeding sal ook in ooreenstemming met die eksistensialistiese wêreldbeskouing moet oop=staan na die oneindige: elke opvoedeling sal in el=ke besondere situasie bepalend wees van die aard en wese van die opvoedings-ontmoeting wat weer sal moet verskil van elke ander opvoedeling in elke ander situasie.

Geen vooropgestelde denkbeelde sal vir die onderwys geld nie en sal moet uitgaan van die sogenaamde "we=tenskaplike neutraliteit" waarby dit aan die eksis=tent oorgelaat word om allengs sy eie vertrekpunt te kies. Dit kan nie anders nie, want die mens is onbe=paal vry om sy eie keuse te maak; is nie vry om nie te kies nie, want ook daarmee kies hy. (Sartre). Nie wat hy kies nie, maar dat hy in vryheid kies, is belangrik. Wanneer hierdie individu alleen en onaf=hanklik staan, "aware of his freedom, responsible and in charge of his own life, he will see for him=self why he may, for the first time, be called authentic." (Morris, 1966, p. 153)

Die vryheid en verantwoordelikheid in die opvoeding bring ons by die doel van die opvoeding.

## 3.3 DIE DOEL VAN DIE OPVOEDING.

Net soos 'n lewens- en wêreldbeskouing die mens se houding in alle vraagstukke van die lewe bepaal, so hang alle doelstellings van die opvoeding in die op=voedingspraktyk uiteindelik af van die waardes en waarde-rangorde wat die mens in terme van sy "Weltanschaung" vir homself toegeëien het. Die opvoedkunde bepaal nie self watter waardes die mens=like lewe menswaardig maak nie, maar bepaal wel self watter lewenswaardes opvoedkundig aanvaarbaar is. (Steytler, 1975, p. 310).

Volgens Schutte is die doel waarvoor elke kind opge=voed moet word vir die eksistensiële opvoedingsfilo=soof, verantwoordelikheid, te wete persoonlike ver=antwoordelikheid vir hierdie mensgemaakte wêreld waarin hy eksisteer. (Schutte, 1969, p. 11).

Volgens Gunter is hierdie siening van die mens as verantwoordelike wese fundamenteel in die antropo=logie van die Christelike-eksistensiële denke van manne soos Kierkegaard, Loen, Brunner en Bart. (Gunter, 1964, p. 353). Van Praag stel die opvoe=dingsdoel van die eksistensialis as die lei van die opvoedeling (onvolwassene) tot volle ontplooiing

van sy persoonlikheid om uit eie eksistensie die verantwoordelikheid te aanvaar om 'n mens onder mense te wees. (Van Praag, 1950, p. 158 - 159).

Die vrye persoonlikheid is die hoogste ideaal van die ateïstiese eksistensialiste. As intrinsieke waarde is dit outonoom en sonder enige transendente bepaling of sin. Die mens dra sy sin in homself of anders gestel, die mens rig sy handeling deur die agting wat hy vir homself het. Daarom sou dit die doel van die opvoeding wees om die mens te lei tot selfagting, tot persoonlikheid wat nie parsieel is nie, maar as mikro-kosmos uit die hoogswaardevolle kreër. (Van der Merwe, 1964, p. 146). Volgens die eksistensialisme moet elke mens bewus gemaak word van wat hy is en om die volle verantwoordelikheid van sy eie eksistensie op hom te neem. (Sartre, 1949, p. 19). Die mens moet sonder stut of hulp, steeds elke moment deur sy eie ontwerp, bepaal wat hy is. Tot hierdie vryheid moet die opvoeding die opvoedeling lei.

Die outonome vryheid van die mens bepaal die opvoedingsdoel in so 'n mate dat niemand vir 'n ander kan kies nie, dit wil sê dat in die opvoeding die kind nie as die kind in die algemeen of 'n gemiddelde kind wat met uniforme en voorskriftelike onderwys "verslaaf" word, as replika van die opvoeder ge=

sien mag word nie, maar as die individuele en beson= dere kind, wat bewus van sy vryheid, 'n outentieke bestaan sal nastrewe. (Morris, 1966, p. 153). Die kind word dus 'n doel op homself.

Die doel van die opvoeding vir die eksistensialisme is volgens Gunter in die eerste plek nie om te leer nie, maar wel om te lewe. (Gunter, 1964, p. 267). "Deur die opvoeding moet die kind gebring word tot die ontwaking uit die alledaagsheid van "das Man", moet hy geaktiveer word tot die aanvaarding van die volle verantwoordelikheid van sy eksistensie, en daarmee ook vir die van die ander." (Van der Merwe, 1964, p. 150).

## 3.4 AKSIOLOGIE EN OPVOEDING.

Vir die eksistensialis is waardes ingebed in die mens se eie begrip van sy eie persoonlikheid. Hy aanvaar eenvoudig net dat hy 'n norm en waardebesef in hom dra waarvan die oorsprong in die midde gelaat word. Die bindende gesag van die waardes/norme word deur die siening gerelativeer en word die aanvaar= ding van die normatiewe aan die individuele beslis= sing oorgelaat. Die aksiologiese bepaal in 'n groot mate die eksistensialis se benadering van die lewe, trouens "it is saturated through with 'choice', and since choice is always a value enterprise, then all of life is primarily an exercise in valuing."

(Morris, 1966, p. 309). Ons kies vryelik en in ab=solute oortuiging, geen mag buite ons kan vir ons 'n keuse dikteer of ons bewustelik dwing om 'n keuse te doen nie. En wat ons ookal kies : "we therefore morally are." (Morris, 1966, p. 309).

Waardes is dus vir die eksistensialis nie 'n gegewe nie, maar 'n interpretasie. Jaspers verklaar dan ook dat die mens die weg na die waarheid kan soek in 'n vasberadenheid wat steeds oopbly. (Jaspers, 1952, p. 67). Waardes is vir hom steeds ontwikkeling as verandering in situasie. Een universele waarheid is slegs moontlik by fanatisme, en geen enkele leer kan aanvaar word as die oplossing, as die ewige waar=heid nie, want die mens leef in veranderende tyde=likheid. (Jaspers, 1952, p. 132). In die aanvaar=ding en die positivering van die normatiewe is die mens dus onbepaald vry en selfverantwoordelik. (Van der Merwe, 1964, p. 158).

Vir die opvoeding beteken dit dus dat die opvoede=ling nie tot die aanvaarding van sekere norme of waardes gedwing kan word nie, maar dat hy gelei moet word om self te besluit en daarmee die verant=woordelikheid van sy keuse self te aanvaar. Dit beteken dat die opvoeder self sekere waardes aan=vaar het as sy eie, dat hy deur hierdie waardes te aanvaar, ook daarmee impliseer dat hy wil hê dat

hulle vir alle mense moet geld. (Vgl. Sartre, 1949, p. 20). Omdat die mens nie staties is nie, en voortdurend verander en hom distansieer van sy ver= lede, kan die opvoeder nie vaste waardes of norme aan die opvoedeling voorhou nie.

Dit blyk dus dat die waarde-bewustheid by die kind uit hom moet kom en nie van buite nie. Die opvoe= ding moet 'n opvoeding wees waarin die jeugdige daar= aan herinner word dat hy voortdurend in vryheid, fun= damenteel en skeppend kies. Want wanneer hy nie selfstandig kies nie, dit wil sê nie gedra word deur die waardes gefundeer in sy eie persoonlikheid nie, is hy nie vry nie maar kies hy soos 'n verslaafde. Die mens word verslaaf deur onderhorigheid aan die Syn, aan God, aan die natuur, die beskawing, die self, die materie, die verlede of die nasie. (Ber= dyaev, soos aangehaal deur Steytler, 1975, p. 307).

## 3.5 <u>ONDERWYS EN INHOUD</u>.

Die vraag oor wat die inhoud van die onderwys moet wees, bestaan daar behalwe terloopse verwysing wat deur Heidegger, Kierkegaard en Marcel, na aanlei= ding van hul eie onderrig gemaak is, weinig direk= te standpuntstellinge deur eksistensialiste. Van= uit hul filosofiese leerstellinge kan sekere af= leidings gemaak word en ook uit die werke van ander opvoedkundiges oor die eksistensialisme en

die opvoeding.

Waarheid en kennis is vir die eksistensialis oneindig. Dit beteken dat die kurrikulum nie voorgeskryf kan word nie. Alle essensiële kennis is dit wat betrekking het op die eksistensie. Net daardie kennis wat 'n onmiddellike verwantskap met die eksistensie toon, is noodsaaklike kennis.

Alle ander kennis is toevallig en bykomstig. Omdat kennis vir die eksistensialis nie gebonde is aan die fenomenologiese objektivering nie, maar subjektief en innerlik van aard is, beteken dit dat abstrakte objektiewe waarde soos in die wiskunde, meta-fisika en selfs geskiedkundige kennis, neig om weg te lei van die subjek.

Volgens Kneller bevraagteken die eksistensialis nie die integriteit van die vakke nie, ook nie dat perke gestel moet word in die mate waarin die leerstof vir die ontwikkelingstadium van die kind geskik is nie. Meer essensieel en onontbeerlik is die opvoedeling se verhouding tot die stof wat bestudeer moet word. (Kneller, 1966, p. 122). Die leerstof word nie gesien as ondergeskik aan die individu nie; inteendeel in die individu se vrye betrekking (relasie) tot die leerstof mag hy homself daarin verloor. Hy sal egter steeds sy vryheid tot waarneming, ondersoek, navorsing en persoonlike bevryding behou om

die kurrikulum vir hom toe te eien. (Kneller, 1966, p. 123).

Die aanleer van basiese vaardighede (lees, reken en skryf), het as doel outentieke eksistensie. Dit stel die opvoedeling in staat om 'n vaste basis te verkry vir sy individuele skeppende poging. Deur die kurrikulum te respekteer as 'n bron vir kennis waardeur die opvoedeling persoonlike vryheid en ge=skikte denkwyses ontwikkel, beteken nie dat hy daar=deur beter in die sosiale groep moet inskakel nie, "but rather that through the exercise of his freedom, through his voluntary submission, and through his de=velopment of suitable habits of mind he becomes what he finds he fundamentally is." (Kneller, 1966, p. 124).

Uit voorafgaande is dit af te lei dat die eksisten=sialis dit teen die sosiale wetenskappe, soos die Sosiologie, Sielkunde en Antropologie sal hê. Die vakke (wetenskappe) sal daartoe lei dat die opvoe=deling sal voel dat hy niks meer as 'n objek is waar=oor daar reeds tot gevolgtrekkings geraak is nie. Jaspers stel geïndividualiseerde leergange as ver=eiste omdat universeel geldende wette nie indivi=duele gedrag kan verklaar nie. (Kneller, 1966, p. 124).

Die geesteswetenskappe sal 'n sentrale plek beklee in die kurrikulum van die eksistensialiste; "not, how= ever for purposes simply of analysis or appreciation but because of what Paul Illich calls the human im= pact they exert in revealing man's inherent guilt, sin, suffering, tragedy, death, hate and love." (Kneller, 1966, p. 124).

Die letterkunde en die skeppende kunste openbaar die werklike natuur van die eksistent. (Heidegger, 1949, p. 238). "Each painting, each book is a recovery of the totality of being. Each of them presents this totality to the freedom of the spectator." (Sartre, What is literature, pp. 150 - 151, soos aangehaal deur Kneller, 1966, p. 128). Ook oor die vak Ge= skiedenis is die eksistensialiste dit eens. Dit moet gebruik kan word om die gang van die geskiedenis te verander.

Die inhoud van geskiedenisonderrig sowel as die van die ander wetenskappe moet sodanig wees dat die op= voedeling in sy totaliteit daarin betrek kan word.

Die eksistensialiste het dit teen die tendens dat studente spesialiseer in slegs 'n vertakking van 'n vakgebied. "Thus a specialist in science gets to resemble nothing but a factory workman who spends his whole life in turning one particular screw or

handle on a certain instrument or machine. Speciali= zation in any field must be complemented by liberali= zing studies, for it is the man who counts and not the profession." (Morris, 1966, p. 289).

Volgens Harper glo die teïstiese eksistensialis dat religieuse dogmas nie voorskrywend kan funksioneer nie. Alle eksistensialiste kom volgens hom ooreen dat "a study of the world's religions as an acade= mic matter, of comparative religion," om dieselfde redes as ander vakke in die kurrikulum opgeneem moet word. (Harper, 1956, p. 244). Vir die ateïstiese eksistensialis lê die groot gevaar van godsdienson= derrig sekerlik in die intieme verband tussen gods= diens en geloofsbelydenis, kategismus en vorms van aanbidding. Godsdiens veronderstel noodwendig die elemente wat skadelik is vir die outentieke ontwik= keling van die kind.

In ooreenstemming met hul antropologie is "education-with-death-in-view" vir die eksistensialis van essen= siële belang. "For if conflict, suffering and death is removed, he will not cultivate the art of life; he cannot create exept through inner strife and torment." (Nibblet, 1954, p. 104).

Omdat die mens liggaam-gees-eenheid is, moet die kur= rikulum ook plek laat vir die liggaamlike ontwikke=

ling. Spel, liggaamlike opvoeding en sport moet deel uitmaak van die onderwysinhoud. Sport terwille van die prestige van die skool word sterk afgekeur. (Kneller, 1966, p. 131).

Waar die eksistensialis in die opvoeding uitgaan van die kind as eksistensie, volg dit dat die ontwikkeling van die rede nie al is wat aandag verdien nie. Waar dit gaan om die kind as persoon, dit is die kind as 'n totaliteit en ondeelbare eenheid, sal aan die wil, die gevoel en emosies net soveel aandag gegee moet word. "Die eksistensialis wil die hele mens as 'n ondeelbare eenheid van verstand, wil en gevoel opvoed en dit moet gedoen word deur middel van die onderwys in al die leervakke, al die werksaamhede en aktiwiteite van die skool en die skoollewe in sy hele omvang." (Gunter, 1964, p. 269).

## 3.6 ONDERWYS EN METODE.

Sover dit onderwysmetodes betref, is geen metode beter as 'n ander nie, (Hamm, 1974, p. 81), ofskoon Morris en Kneller albei wil voorgee dat die eksistensialis aan die Sokratiese metode voorkeur gee. "In methodology, there is no question that the existentialist favors the socratic approach." (Kneller, 1966, p. 133).

Waar die onderwyser van die negentiende eeu en ook daarna, sy sekerheid geput het uit sy leerboeke, leerplanne, lesroosters, eksamens en vaste onderwys- en metingsmetodes, val die nadruk van die eksisten= sialis op die persoonlikheid, die subjektiewe, die onherhaalbare en die volstrek individuele. Subjek= tiwiteit kry voorrang bo objektiwiteit, subjektiewe belewing bo intellektuele vorming, die partikuliere (individuele) bo die universele, innerlikheid bo uiterlikheid, die leerling as subjek bo die pedago= giese sisteem, die konkrete pedagogiese situasie met die verhouding tussen opvoeder en opvoedeling bo die formele skoolsisteem en -organisasie. (Gunter, 1964, p. 269).

Uit bostaande volg dat 'n hele verandering ten opsigte van die onderwysmetodiek deur die inwerking van die eksistensie-filosowe teweeg gebring is.

"Ook in de didactiek dringt door, dat niet het kennen primair, maar dat het beleven primair is ..." (Prins, 1960, p. 5). Die kind se kennis en sy belewenis= wêreld moet op daadwerklike belewing berus. Om te eksisteer is belangriker as om te ken; eksistensiële kennis kom voor objektiewe, konseptuele kennis. (Morris, 1966, p. 211). Thoreau is dit hiermee eens as hy sê: "How could youths better learn to live than by at once trying the experiment of living?"

(Thoreau, 1968, p. 326). Van Wyk vat dit mooi saam as: "Kennis is sekondêr; belewing primêr; leer se= kondêr; lewe primêr. (Van Wyk, 1973, p. 9).

Onder leiding van hul onderwyser moet die leerlinge die geleentheid hê om saam te werk, saam te onder= soek, saam te beplan, saam te leer, saam te belewe. Deur koëksistensie ontdek hy dus sy eksistensie (Jaspers). (Gunter, 1964, p. 270). Die klem skuif dus van passiewe absorbsie (opname) na aktiewe par= tisipasie (deelname). (Van Wyk, 1973, p. 9).

Die eksistensialis waarsku teen die gevare van 'n oormaat van sisteem in die onderwys en opvoeding. Die vaste, objektiewe sisteem met sy metodes van meting, intelligensietoetsing en die beklemtoning van "opneem", "afneem" en memoriseer, maak die opvoedeling tot objek. (Van Wyk, 1973, p. 9 en Gunter, 1964, p. 270). Dit is dus 'n verset teen die oormatige rasionalisme in die onderwyspraktyk van die verlede (en die hede!).

Volgens Prins stel die eksistensialis die passiwi= teit van die tradisionele skool teenoor die aktiwi= teit van selfwerksaamheidsmetodes van ondersoek, eksperimenteer, eksploreer. Swyende luister moet deur aktiewe diskussie vervang word. (Prins, 1960, pp. 5 - 6).

Klem word ook gelê op projekte wat beter opvoed as stukke wat "geleer" moet word. "Eie belewing, handeling en inspanning het eksistensiële kennis tot gevolg, nie objektiewe kennis nie." (Van Wyk, 1973, p. 10).

Intelligensie en parate feitekennis maak die "kind" tot "ding" of "syfer." 'n Kind kan nie op eksakte wyse gemeet, bepaal of in 'n syfer uitgedruk word nie. "To indentify a child by giving his age group, his social class, or his I.Q. score is to make the individual, qua-individual." (Grene, 1967, p. 8). By beoordeling speel nie net die rede 'n rol nie, ook die irrasionele. Die <u>hele persoon</u> word beoordeel met die inset van die hele persoonlikheid van die opvoeder.

Vir die eksistensialis kan geestelike waardes en positiewe gesindhede nie deur sistematiese onderwys alleen, dit wil sê deur woorde, "preke" en voorskrifte aan die opvoedeling oorgedra word nie, maar dat die waardes en gesindhede bo alles die vergestalting in groot persone nodig het. Die lewende voorbeeld van die groot persoon uit die verlede en van die opvoeders (ouers en onderwysers) van die hede is van die grootste belang. Die deug moet <u>gelewe</u> word en in en deur die konkrete lewe op die opkomende geslag oorgedra word en hulle moet dit deur eie keuse, beslis=

sing en inspanning steeds verwesenlik. (Gunter, 1964, p. 271).

Die mens is volgens die eksistensie-filosofie noodsaaklikerwys op die andere, dit is op ander mense en die hom omringende wêreld van voorwerpe en gebeure, betrokke. Die beginsel van kommunikasie (Jaspers) is dat die skool hom moet instel op geesteskontak en -verkeer tussen die leerlinge onderling, tussen onderwyser en leerling en tussen die leerkragte onderling. Die opvoeder is nie langer die "drilmeester" wat slegs instruksies en bevele gee nie, maar helper, raadgewer, leier en vriend. Daar word nie meer uitsluitlik net aandag gegee aan die individuele werkstuk nie en die leerling word ook nie meer uitsluitlik aan sy intellektuele prestasies beoordeel nie, maar deur middel van groepwerk, klasbesprekings, en groepaktiwiteite geleentheid geskep vir die opvoedeling se skeppende denke. (Gunter, 1964, pp. 271 - 272).

Herbert Kohl se stelling dat: "in the open classroom there is considerable give-and-take, argument, disagreement, even conflict." (Kohl, 1969, p. 19), beteken vir die eksistensialis dat die opvoedeling nie net betrokke ("involved") is met sy eie probleme nie, maar ook met sy medeleerlinge en met sy onderwyser. Dit is die wyse waarop hy leer en kennis opdoen. Aktiwiteit, verbintenis, ("engagement"),

oorgawe, beslissing en ontmoeting beklee 'n sentrale plek in die onderwysmetode van die eksistensialis.

## 3.7 DIE SIENING MET BETREKKING TOT DIE OPVOEDER.

In teenstelling met die pragmatis wat die opvoeder sien as 'n "resource person" en die realis wat groot klem lê op die opvoeder as 'n "oordraer" van kennis, sien die eksistensialis hom as persoon wat die eksis= tensialistiese houding van die opvoedeling, van die ouers van die opvoedeling en van ander sal respekteer. Dit beteken dat die opvoeder geen akteur op die ver= hoog mag wees om applous van sy gehoor te ontlok nie, en hy wil ook geen nabootsers van die opvoedeling maak nie. (Kneller, 1966, p. 321).

Volgens Kneller en Harper moet die opvoeder volgens die eksistensialisme strewe na die verwesenliking van drie doelstellinge. Eerstens moet hy sy onderwerp so behandel dat hy by die opvoedeling die soeke na waar= heid en vrye assosiasie implisiet kan tuisbring; tweedens moet hy die "outonome funksie van die ver= stand" by die opvoedeling aanmoedig; en derdens moet hy seker wees van die getuienis dat sy studente iets as die waarheid aanvaar omdat hulle hulself oortuig het dat dit die waarheid is. (Kneller, 1966, p. 231, vgl. ook Harper, 1955, p. 134).

Volgens Harper sal die opvoeder nie die rol speel van 'n "paradigmatic self, or conveyor-belt explainer, or mental disciplinarian, or corporate problem-solver. Rather he will via his Socratic model, jar and stir the maturing youngster into recognition of his moral selfhood, so that there will never be any question as the years pass that the student will genuinely take charge of his own life and take responsibility for how he lives it day by day. (Harper, 1955, p. 134).

Die opvoeder moet dus die opvoedeling wakker maak vir sy eksistensiële vryheid en sy sin vir self-verant= woordelikheid om sodoende sy sedelike lewe self te rig. Om dit te kan vermag moet die onderwyser die kind by etiese en sedelike vrae betrek. (Morris, 1966, p. 135).

Alle eksistensialiste benadruk die persoonlike, die emosionele en die dramatiese aspek van menslike er= varinge, ten koste van die rasionele, abstrakte en objektiewe. Harper noem "a passionless teacher ... a bad teacher." (Harper, 1955, p. 236). Buber sluit hierby aan wanneer hy poneer dat: "Only in his whole being, in all his spontaneity can the educator truly affect the whole being of his pupil. For educating characters you do not need a moral genius, but you do need a man who is wholly alive

and able to communicate himself directly to his fel= low beings." (Buber, 1965, p. 105).

Die opvoeder se taak lê verder daarin dat hy die op= voedeling sal help om te ontwaak as : "learners and seekers and creators of their own truth from the starting place of the awareness of their own igno= rance." (Morris, 1966, p. 152), en nie om hulle op hulle foute te wys nie.

Sartre se begaandheid oor die vrye persoonlikheid, Heidegger se beklemtoning van die outentieke en Marcel se siening van die broederlike liefde beklemtoon dat die onderwyser en die kind se verhouding 'n intensio= nele aspek moet bevat. Hy moet dus nie slegs 'n "kind of social minded umpire or provider of free social activity, or a model personality to be imi= tated", wees nie, maar 'n vrye persoonlikheid wat op so 'n wyse betrokke raak in sy verhouding met die in= dividuele opvoedeling dat daar geen twyfel by hulle sal kan bestaan dat hulle ook vrye persoonlikhede is nie. (Kneller, 1966, p. 115).

Bremmer en Bremmer se siening van die onderwyser is in ooreenstemming met die antropologiese onvoltooid= heid van die eksistensialis. "The teacher is there to listen, to inter-act, to be himself, to learn - but never as a model, mental disciplinarian, autho=

rity figure, or answering service. He creates his own role, which is not a role : 'Teaching is being'." (Bremmer and Bremmer, 1970, p. 6). Na aanleiding van Sartre se stelling van : "To be is to act, and to cease to act is to cease to be" (Sartre, 1956, p. 476), sê Marjorie Grene : "Engaged as he must be, he is bound to move into himself from time to time .... exploring his own consciousness of what it is to choose, to act, to be." (Grene, 1966, p. 9).

Om kontak te bewerkstellig met die wese van die leer= ling, is dus om kontak te maak met iets waaroor daar geen voorafgaande voorbeeld bestaan nie; elke ont= moeting tussen opvoeder en opvoedeling begin onver= mydelik by nul. Dit begin opnuut met 'n nuwe skepping wat nog in die proses van wording is om homself te skep. Die opvoeder se taak is om toe te sien dat die subjektiewe syn homself so gou as moontlik ontdek. Hy moet sy vryheid verhaas en uiteindelik sy verant= woordelikheid om 'n eie menslike lewe en 'n sedelike standaard vir homself te skep en te realiseer, pro= beer bespoedig. Volgens Buber kan die ontdekking van die menslike vryheid alleen in die vryste moontlike omstandighede bewerkstellig word: "More over free= dom is the only medium in which the I - Thou rela= tion can develop; it is the only vehicle in which genuine communion can be affected between teacher and learner." (Buber, 1965, p. 91).

Uit voorgaande is dit dus duidelik dat daar vir die eksistensialis nie sprake van heerskappy van die on=derwyser oor die kind mag wees. Die opvoeder mag nie vir die kind kies nie, want die keuse is sy eie ver=antwoordelikheid. "It is just that the teacher should not get in the way of the student. Teacher does not always know best : what books the students must read, what lecturers he must hear, what projects he must complete. Let each student be his own project." (Morris, 1966, p. 124).

## 3.8 DIE SIENING MET BETREKKING TOT DIE OPVOEDELING.

Vir die eksistensialis is die wêreld van die werklik=heid die wêreld van die eksisterende. Die eienskappe van 'n besondere voorwerp kan duidelik en wetenskap=lik omskrywe word, maar ons moet dit persoonlik ont=moet, ondervind en daarmee verwikkeld raak om te weet of dit werklik lewe of bestaan. Die eksistensialis sal daarom in sy opvoedkundige denke nie met die kind, of 'n gemiddelde kind of die kind in die algemeen of die idee-kind begin nie, maar die besondere, indivi=duele, eksisterende kind in sy konkrete opvoeding of leer-situasie. (Van Wyk, 1973, p. 8, vgl. ook Gun=ter, 1964, p. 264.)

Die eksistensialis kan en sal nie met die kind as na= tuur-objek of as fisies-biologiese organisme in inter= aksie met sy omgewing begin nie. Hy begin by, gaan uit van, stel belang in, en rig sy aandag op hierdie besondere, individuele, eksisterende kind, in sy kon= krete situasie. Hy stel belang in hierdie bepaalde kind met sy moontlikhede, beperkinge, belangstel= lings, ensovoorts, in sy besondere situasie in die wêreld waarin hy deur opvoeding en die onverwys ge= help word om sy moontlikhede te verwesentlik en steeds meer homself te word. Volgens Kneller ver= skuif die eksistensialisme die opvoeding se aandag en belangstelling van die algemene kind of die ge= middelde kind na hierdie of daardie bepaalde indivi= duele kind en van die leerling as objek na die leer= ling as subjek, en wel as eksistensiële subjek. (Kneller, 1966, p. 318).

Die opvoeder sal nie die menigvuldigheid van gegewens wat die biologie, die psigologie en die sosiologie omtrent die kind oor die algemeen aan hom verstrek, versmaai nie, maar hierdie algemene, objektiewe ken= nis wil hy aanvul met sy eksistensiële kennis van hierdie of daardie besondere kind, wat hy in en deur sy persoonlike verhouding en lewende ontmoeting met hom in die konkrete opvoedingsituasie opdoen. Hy wil dus voor alles hierdie <u>bepaalde</u> <u>individuele</u> kind leer ken deur hom persoonlik te ontmoet in sy

besondere situasie. (Gunter, 1964, p. 264).

'n Ander belangrike gedagte vir die opvoeding wat by die gedagte aansluit en wat regstreeks uit die eksis= tensie-filosofie voortvloei, is die gedagte dat die opvoeding altyd te doen het met die hele kind in sy totaliteit. Dit kan ook nie anders nie, want die eksistensialis sien die mens steeds as eksisterende, as eksistensiële subjek, as konkrete mens in sy be= sondere situasie van waaruit hy as eenheid waarneem, dink interpreteer, handel en lewe. Met ander woorde die opvoedeling word beskou as 'n totaliteit, 'n ondeel= bare eenheid. Die opvoeder het dus altyd te doen met die opvoeding van die hele kind. (Gunter, 1964, p. 264).

'n Opvoeding wat op die lees van die eksistensie-filo= sofie geskoei is, sal geen aspek van die menslike be= staan afskeep nie. Nie die gees, liggaam of enige ander aspek van die bestaan van die kind as eenheid van deurleefde liggaam, sal verhef en verabsoluteer word ten koste van ander aspekte nie. "In die op= voedingsleer van die eksistensie-filosofie staan die eksisterende kind as 'n ondeelbare eenheid sen= traal. Dit is die kind as liggaamlik-geestelike eenheid, as denkende, willende, voelende, handelen= de subjek in sy besondere situasie in die wêreld van dinge en ander mense wat opgevoed moet word."

(Gunter, 1964, p. 263). Buber vat dit saam as :
"In order to help the realization of the best poten= tialities in the pupil's life, the teacher must really means (sic!) him as a definite person he is in his potentiality and his actuality; more precise= ly, he must not know him as a mere sum of qualities, strivings of inhibitions, he must be aware of him as a whole being and affirm him in this wholeness.
(Buber, 1958 B, p. 34).

'n Ander belangrike aspek is dat die eksistensialis die kind as vrye persoonlikheid sien wat tot 'n besef, aanvaarding en vervulling van sy verantwoordelikheid kom deur eie keuse, beslissing en inspanning.

Van die opvoedeling word dus verwag om sy eie bestaan op hom te neem deur homself gedurig deur eie beslis= sing en handeling in vryheid uit homself te skep. (Dit is die siening van Sartre en Jaspers).

Die opvoedeling is op pad na sy toekomstige self, be= sit die ontologies-gefundeerde bestemming om steeds meer as wat hy is te word, om steeds sy eie werklik= heid en 'n bepaalde verenigingsaktiwiteit van sy eie innerlike en van die buite-wêreld te transendeer in die rigting van sy toekoms. Dit is dus ek-stase - wie dus eksisteer, is homself steeds vooruit.
(Steytler, 1975, p. 274).

Deur die neem van beslissings en van vryheidskeuses in die hier en die nou, word die proses van eksis= tensiële self-transendering voltrek deur die opvoede= ling self. As outonome mens is hy aan homself ver= antwoordelikheid verskuldig en "he is the creator of the existence idea; he is the first to be aware of existence and to give it a name." (Morris, 1966, p. 19).

Volgens Morris sal voorgaande beteken dat die opvoe= ding daarin sal moet slaag om 'n sekere bewustheid in die opvoedeling wakker te skud, naamlik 'n eksisten= siële bewustheid van homself as eenmalige subjek wat as geworpene in hierdie wêreld eksisteer. (Morris, 1966, p. 147). Die opvoedeling mag nie deur dogma= tisme of aprioriese sinduiding beknot of verobjekti= veer word nie, want die opvoedeling kan nie anders as om homself te kies nie, "....and therefore creating his own personal answers to all normative and moral questions that come up in the classroom and in his experience outside the school." (Morris, 1966, p. 111).

## 3.9 DIE SIENING MET BETREKKING TOT DIE SKOOL.

As Buber se siening dat vryheid die enigste middel is waardeur die Ek-jy verhouding tussen die opvoeder en opvoedeling kan ontwikkel, sal dit beteken dat geen

hierargie of oorheersing in die skool mag wees nie; geen eksterne standaarde van prestasie of sukses moet aan die opvoedeling opgedring word nie.

Die eksistensialiste het dit teen die openbare skole waar die individu onderwerp word aan massa-onderwys. "Existentialists would all agree that those who are educated deserve a better destiny than becoming lost in the anonymity of modern public schooling." (Knel= ler, 1966, p. 91).

Die eenvormigheid (kleredrag, haarstyl, ensovoorts) wat deur die openbare skole op die individu afgedwing word, is lynreg in stryd met die idee van persoonlike vryheid. Volgens Kneller wil die eksistensialiste nie massa-opvoeding hê wat aanspraak maak op gelyke voorregte vir almal, wat dan : "results in ponderous enrollments and assembly line techniques." (Kneller, 1966, p. 101). Marcel het dit ook teen die tendens van die groot klasse, want slegs die individu kan werklik opgevoed word terwyl die massa slegs onder= rig (train) kan word. (Marcel, 1952, pp. 186 - 187).

As gevolg van die groot klasse word die individuali= teit van die opvoedeling misken en kan die ware kon= tak (kommunikasie) tussen opvoeder en opvoedeling nie tot sy reg kom nie.

Die eksistensialiste sien die huisgesin as die primêre plek vir opvoeding. Volgens Kneller sien hulle die gesinslewe "... as the most genuine social arrangement and wants the home to be a much greater educative force than it is at present." (Kneller, 1966, p. 64). Die opvoedeling se verhouding met ander mense begin in die gesin en die gemeenskap. "There he learns his first words; there he learns love, rivalry, co-operation; competition." (Hamm, 1974, p. 78).

Gesien in die lig van die eksistensialis se siening van die opvoedeling en die opvoeder is dit duidelik dat die bestaande skoolsisteem nie aan hul vereistes, en veral ten opsigte van die individualiteit van die mens, sy vryheid, die primêre plek van aktiewe belewenis teenoor passiewe absorpsie, voldoen nie. "Educators are now being pressed to provide a school which will give widest scope for free individual expression." (Kneller, 1966, p. 33).

Volgens Hamm is die onderwys vir die eksistensialiste "not limited to a place called school or the functionaries called teachers. The real school for some students may be a filling station, the streets, a pizza parlour, an automobile. In all humility, the existential teacher may simply say: I am a human being too; I have questions too; maybe I can make

a difference in your life; let us investigate the world together." (Hamm, 1974, p. 78).

## 3.10 VRYHEID, GESAG EN TUG IN DIE ONDERWYS.

Wanneer die eksistensialis die hoogste norm in die menslike vrye kreatiewe akt positiveer, dan stel hy wel 'n norm waarheen hy, by implikasie, sy onderwys=praktyk wil rig en lei. Die normatiewe terrein lê verankerd in die onsigbare werklikheid van die gees, die werklikheid van rigtinggewende beginsels en waar=des, van ideale en doelstellings; die prinsipiële riglyne wat al ons denke en onderwys en al ons be=leidsbepaling en toekomsbepaling in die verband moet rig. (Steytler, 1975, p. 355).

Die eksistensialis handhaaf dat die mens as bewussyn bepaal wat sy houding teenoor en sy handeling in die situasie sal wees. Die outonome-vrye mens van die eksistensie-filosofie kan gerelativeer word indien enige norm van buite op die opvoedeling afgedwing word. Vir Harper is vryheid die trillende naald, die vrugbare zero; dwang bring verdeeldheid wat uit=loop op vernedering en opstandigheid. (Harper, 1956, p. 237).

Die opvoeder ontleen sy gesag oor die opvoedeling vanuit die fenomeen self. Die onvolwassene is in

sy afhanklikheid en hulpbehoewendheid op die volwassene aangewys vir hulp en leiding. Die opvoeder sal sy gesag moet beskou as 'n voorreg en geen afdwingbare reg nie. Dit beteken dat die gesag van die opvoeder alle dwang verloor maar aan hom die geleentheid gee om aan die opvoedeling die waardes voor te hou waaraan hy self waarde heg. Die opvoeder sal as gesagsdraer dan ook nie die gesagsposisie as 'n verhouding van objektivering, van verpligting teenoor 'n norm of absolute maatstaf beskou nie, maar as 'n geleentheid om die opvoedeling vry te stel vir ware vryheidsbeoefening.

Vir Berdyaev soos vir al die ander eksistensialiste is die mens radikaal vry. Maar omdat hy gedurig in vrees leef teenoor eksterne alternatiewe wat van bo-af op hom afgedwing word en waaruit hy moet kies, word sy vryheid onderdruk en die mens verslaaf in stede van bevry. Gedeeltelike vryheid is net 'n ander vorm van verslawing. (Berdyaev, 1943, p. 69). Gentile sê dat die opvoeding tot vryheid onder gesag slegs moontlik is as dit waarlik 'n metmekaarwees as eksistensiële ervaring is, waarin die oplegging van dwang uitgesluit is. Dit is moontlik as die stof en aanbieding aan die opvoedeling eie is aan eksistensiële belewenis, en nie deur die opvoeder aan hom opgedring nie. (Gentile, 1923, p. 61).

In die lig van die voorafgaande is dit duidelik dat die opvoeder nie 'n sentrale posisie in die opvoeding inneem nie, maar dat die opvoedeling deur die opvoeder gelei en geaktiveer word tot ontplooiing van sy eie persoonlikheid en tot wasdom van sy insigself gefundeerde vryheid.

Die eksistensialisme met sy eksistensiële vryheid en oorspronklike selfbepaling, wil nie alle outoriteit uitsluit nie. Gesagserkenning by die opvoedeling beteken om in vrywillige onderwerping aan die gesag van die opvoeder te handel. By Jaspers staan vryheid en outoriteit nie teenoor mekaar nie, maar vul mekaar aan. Outoriteit kom altyd van buite maar dit word eers ware gesag wanneer dit tegelyk van binne spreek. Die verstand het geen outoriteit as sodanig nie. Ook die gewete is geen outoriteit nie. Ewemin sal daar gesag wees in 'n objektiewe sisteem van leer of wet. (Jaspers, 1956, p. 315). Berdyaev vat die eksistensialistiese siening van vryheid en gesag mooi saam as hy propageer: "Freedom becomes my independence, determination from within and creative initiative; the reality does not depend on any norm. Rather freedom is my own norm and my own creation of good and evil. (Berdyaev, 1943, p. 52).

Die opvoedingsituasie en kontak tussen opvoeder en opvoedeling bring vanselfsprekend die vraagstuk van

straf na vore. Volgens Kneller het straf deur die opvoeder vir die eksistensialis slegs 'n negatiewe be= tekenis want deur die toedien van straf sou die op= voeder hom die afdwingbare gesag wat aan 'n absoluut geldende norm ontleen is, toe-eien. Die gesindheid is vreemd aan die vrye mens, want straf as vergelding vir skuld of dwang tot die aanvaarding van sekere norme of reëls, kan nie met die opvoeding se verant= woordelikheid tot die vrye keuse van waardes versoen word nie. (Kneller, 1966, p. 89). Berdyaev sê dat "The perfect man is automatically created by the per= fect social order in which no immoral acts (straf) are either admissable or possible." (Berdyaev, 1943, p. 64).

Volgens die eksistensialis kan alle moontlikheid van kontak met die opvoedeling deur woede en lyfstraf ver= nietig word. Deur straf word die kind geobjektiveer en van sy vryheid beroof. Slegs die swak onderwyser sal sy toevlug tot lyfstraf en ook ander vorme van straf neem.

Nie net liggaamstraf word streng deur die eksisten= sialiste afgekeur nie, maar ook die subtiele vorms van straf en dwang. Deur spot, skaamte, sarkasme, beledigings en ignorering kan die kind so oorheers en beïnvloed word dat hy uiteindelik geen vermoë tot selfstandigheid oorhou nie. Kozol stel dit

treffend: "Sometimes students scream silently: Love me or hate me, but don't ignore me. That one is ig= nored because he smells bad; this one is ignored be= cause 'remember his brother and sister'. Him - he's ignored because he's a troublemaker. He's 'dumb'. She's 'boy crazy'. He's 'lazy'. 'But Teach' the student yells back, 'crazy' and 'lazy' are not my names! I breath, I bleed, I walk like a man. Hey Teach, see I'm alive!" (Kozol, 1967, p. 6).

Die kwessie van eksaminering en bevordering kom hier ook ter sprake. Eksaminering is veel meer as net 'n objektiewe toetsing van kennis as basis vir bevorde= ring. Die onderwyser kan sy mag om die kind te druip gebruik as dwangmiddel om die kind te onderwerp aan sy wense. (Van der Merwe, 1963, p. 176).

Die teïstiese eksistensialiste, soos Berdyaev en Jaspers sluit nie alle gesag uit nie, veral Jaspers vind die gesag in die mens self en deur tot homself te kom, groei hy daaruit. Die ateïstiese eksisten= sialiste, onder andere, Sartre, verwerp alle vorme van gesag en tug, want daardeur word die absolute vryheid van die mens geweld aangedoen.